

Talentidentifikasie in skole

Deur Rudolph Cloete, ASA Vlak III en VSAAV Vlak III

Talent ID het eintlik twee bene, nl. identifisering van nuwe talent en, tweedens, die identifikasie van wat 'n gevestigde atleet se beste item gaan wees!

Die **eerste identifikasie**, nl. identifisering van nuwe talent vind primêr in die primêre skool plaas. Wanneer 'n laerskoolleerder die regte ouderdom bereik, sal die skool "kyk" of hy of sy in 'n spesifieke item die mas sal opkom. Baie talent gaan egter verlore wanneer atlete al as 0/8's in naellope mag deelneem, maar later eers as 0/10's aan o.a Verspring of Duskusgooi mag deelneem. Baie keer is die atleetjie klaar gevestig in die naellope en wil nie oorskakel nie. Die gesoute Atletiekhoof by die skool sal dit in gedagte moet hou dat die atleetjie wat in die naellope uitgeval het, miskien oor 2 jaar die uitstaande verspringer kan word.

'n Goeie idee is om alle 0/8's aan al die "atletiekitems" bloot te stel – al kan hulle nog nie aan sekeres deelneem nie: tennisbalgooi is 'n goeie manier om sien of 'n atleetjie 'n "arm" het, staande verspring sal 'n goeie aanduiding gee van 'n atleet se horisontale veerkrag – klap teen 'n muur sorg as toets vir vertikale veerkrag! So kan inoverende "toetse" uitgedink word om talent te indentifiseer.

In sommige oorsese lande word veelkampbyeenkomstes gereël om jong talent te identifiseer.

Die hoërskoolafrigter moet ook in ag neem dat kinders wat in die primêre skool uitgeval het, nie noodwendig vir ewig uit atletiek is nie: kinders ontwikkel deurlopend en goeie atlete is al op 'n Gr.8-kleurebyeenkoms "ontdek" of op die stoepe raak gesien!

Die **tweede identifikasie**, nl. identifisering van watter item die beste sal wees, is 'n meer ingewikkelde proses! Hierdie identifisering gebeur meer op hoërskoolvlak, waar die Atletiekhoof 'n kardinale rol speel.

Die Atletiekhoof is o.a verantwoordelik dat die skool se atletiekspan kompetierend is! Kom ek gee u 'n voorbeeld van wat ek bedoel: As 'n O/15 seun die 100m in 12.00sek hardloop, help dit nie om hom in te skryf vir die 100m op die Interhoërbyeenkoms nie! Die feit dat hy die skoolkampioen is, is geen rede om hom daar in te skryf nie! Hy gaan nêrens kom nie en die naelloopafrigter gaan nie uit sy eie hierdie seun wegstuur na 'n ander item nie!

Dit is waar die Atletiekhoof inkom – hy moet nou 'n ingeligte besluit tot voordeel van die atleet neem! (en sodoende ook die skool bevoordeel) Hy kan 'n prestasietabel raadpleeg of uitvind wat die provinsiale kwalifiserende tyd vir die 100m is of na die 100m tye op vorige Interhoërbyeenkomstes kyk! 'n 12.00sek mag nie genoeg spoed vir die 100m wees nie, maar dit mag in die 400m of 800m meer as genoeg vir 'n wen wees! Verspring kan ook goeie 'n opsie wees!

Hierdie identifisering moet so vroeg moontlik in die jaar gedoen word – en ook so vroeg moontlik in die atleet se hoërskoolloopbaan plaasvind! 'n Mens moet in ag neem dat die nuwe item nuwe uitdagings, bv. die aanleer van nuwe tegnieke, aan die atleet kan stel wat tyd gaan neem om onder die knie te kry.

Die Atletiekhoof moet hom ook nie blind staar teen 'n Gr8-leerder se laerskool= items nie ...kinders ontwikkel en groei teen verskillende tempo's! Dis veral seuns, wat groter as hul maats is, wat in die primêre skool presteer...maar in Gr 10 is hulle nie meer die grootste in die klas nie! Daar is 'n paar nuwe items – Driesprong, Hamergooi, hindernis, ens – wat eerder oorweeg kan word.

Die meeste top-atletiekskole maak van bogenoemde sisteem gebruik om sodoende die beste van hul beskikbare talent gebruik te maak. Kinders wil presteer – en as dit nie gebeur nie, hou hulle op met deelneem. Op hul eie sal atlete nie sommer na 'n ander ietm verander nie – en as hulle dit wel doen, is dit gewoonlik 'n oningeligte besluit! Die Atletiekhoof, met al sy/haar atletiekkennis, is die ideale persoon om die regte item aan te beveel!